Oordenking
21 Julie 2010

Uitverkiesing

Rom 8:28-30: *Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is. Dié wat Hy lank tevore verkies het, het Hy ook bestem om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat sy Seun baie broers kan hê van wie Hy die Eerste is. Dié wat Hy daartoe bestem het, het Hy ook geroep. En dié wat Hy geroep het, het Hy ook vrygespreek. En dié wat Hy vrygespreek het, het Hy ook verheerlik.*

Moenie die bekende en geliefde Rom 8: 28 lees - *"God laat alles ten goede meewerk vir dié wat Hom liefhet"* - sonder om ook verse 29 en 30 te lees nie, want dit vorm 'n eenheid. Al drie verse saam leer ons dat God 'n plan met ons lewens het en dat alles wat met ons gebeur daarop gerig is om te verseker dat hierdie plan beslis uitgevoer sal word. God het 'n verlossingsplan vir ons en ons geniet die vrug daarvan. En dié plan kom nie uit onsself nie, maar van God. Tog is dit 'n werklikheid vir ons. Dit gee aan ons die sterkste moontlike versekering van ons onvoorwaardelike, ewige sekerheid as ons in Jesus as Redder en Here glo.
Alles wat met ons gebeur word deur God gebruik om mee te werk, sodat hierdie plan van redding wat God vir ons het, uitgevoer sal word.
So werk alles mee ten goede vir hulle wat God liefhet, wat Hy volgens sy besluit geroep het om Syne te wees.

Ja, die verse laat ons deur diep waters loop. Maar as ons ons sekerheid bou op wat God doen en nie op op menslike voornemens en besluite nie, dan is hierdie diep gedagtes die enigste troos wat ons ooit nodig sal hê.

God se doel met hierdie plan vir ons lewens en sy doel daarmee om te verseker dat alles wat met ons gebeur tot ons geestelike beswil sal gebeur, is **dat Hy ons na die beeld van sy Seun wil herskep**. Dié proses begin nou reeds en sluit al die aangename en hartseer ervarings in wat op ons pad kom. En dit word eendag in die hemel ten volle en volmaak voltooi.
God is besig met 'n ontsagwekkende plan vir elkeen van sy kinders – ons staan net dankbaar en verwonderd daaroor.

God se wil kan nooit gebonde wees deur die menslike wil nie. God is nooit die gevangene van ons besluite nie. God doen aan en vir ons volgens sy volmaakte, goddelike wil.
God red ons ook nie buite ons wil om nie en Hy verwag dat ons op sy verlossingsplan vir ons sal reageer met dankbare liefde en geloof. Hy neem nooit ons wil en vermoë om vir Hom te kies weg nie. Hy gebruik dit om ons mee te red.

Wat leer die Bybel dan oor verlossing en uitverkiesing?
1. *'n Mens kan nie sy eie redding inisieer nie*. Die mens se vermoë om dit te doen het gesterf as gevolg van sonde. Ons kan nie op ons eie by God uitkom nie. Daarom neem die Heilige Gees altyd die inisiatief hierin en roep ons, volgens God se besluit.
2. Aan die ander kant is die Bybel baie duidelik daaroor dat die dood en opstanding van Christus *vir die sonde van die hele wêreld was* – vir elke man en vrou. 1 Joh 2:2; 2 Kor. 5:21.
3. En elkeen wat die versoeningsdood van Christus in geloof aanvaar word deur sy bloed gered. Ef. 2:8-9; Hand 16:31; Rom. 10:9-10; Joh 5:24; Joh 3:16.
4. Ons kan ook nooit ontken *dat God die gelowiges gekies het nog voordat die aarde geskape is nie* - Ef. 1:4-6.
5. ***Maar, wag, die Bybel leer ook duidelik dat "elkeen" wat na Hom toe kom, gered sal word***. Open. 22:17; Rom. 10:13!
Beteken dit dat enige iemand gered kan word?
Ja, natuurlik! As ek deur die Gees van geroep is om God se kind te wees en ek reageer daarop met geloof dat dit so is, dan weet ek dat enige iemand gered kan word, selfs ek!

Vers 28 *vertel dat God sy doel met ons lewens uitwerk deur alles te gebruik wat met ons gebeur. En die doel is om ons volgens die beeld van Jesus te herskep.*
Vers 29 *vertel dat God reeds besluit het dat ons eendag soos Jesus sal wees. Dis 'n afgehandelde saak.*

Vers 30 *gebruik verskeie woorde om ons te vertel hoedat hierdie proses gebeur. En dit word in die verlede tyd gestel, sodat ons kan weet dat God al hierdie dinge reeds uit genade vir ons gegee het:*
A. Ons is lank gelede reeds gekies om gered te word.
B. Ons is geroep.
C. Ons is vrygespreek.
D. Ons is verheerlik.

Dit beteken dat toe jy gered is, is jy vir altyd en ewig gered. Niks kan God se reddingspan vir jou lewe ontspoor nie. As jy in Jesus is, dan is jy in Hom vir ewig.

Maar niks hiervan sê dat enige persoon deur God predestineer is om hel toe te gaan nie!
As jy nie gered is nie, weet dat elkeen wat die begeerte het om gered te word, sal en kan gered word. Daardie begeerte is die stem van die Heilige Gees wat jou roep om na God toe te kom. As jy ervaar dat Hy jou nader trek, kom dan na Jesus toe en Hy sal jou vir ewig verlos!